kom laat ons **SING**

Laurika Rauch is 'n fenomeen en 'n vrou met fut. Haar nuwe CD, *Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)*, verkoop soos soetkoek. En sy blom behoorlik van die kreatiewe energie.

Deur Theunis Engelbrecht Foto: Elizabeth Olivier-Kahlau

Laurika Rauch blom weer – en weer en weer. En sy doen dit nou al 23 jaar lank. Dit het alles begin met 'Kinders van die wind', 'n tydlose, dog vir sommige holruggeryde liedjie. Sy het egter in daardie jare ook ander treffers gehad wat die grense van Afrikaanse popmusiek versit het, soos 'Met transistor innie hand', 'Mpanzaville' en 'Die lewe is 'n grenshotel'. Sy het ook een van die sterkste versetliedjies van daardie jare, 'Moenie dat die kinders hoor nie', gesing.

Dit is nou twintig jaar later. Intussen was daar ook ander wegholtreffers soos 'Stuur groete aan Mannetjies Roux' (geskryf deur haar man, Chris Torr) en verhoogproduksies soos *Samekoms/Kopano* (saam met Vusi Mahlasela) wat keer op keer uitverkoop was en die kritici uitasem en sonder nuwe byvoeglike naamwoorde gelaat het.

Op haar nuwe CD (haar vyftiende album), *Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)*, klink Laurika steeds vars. En dit verkoop soos soetkoek: die CD was weke lank op die Top 10 van die internet-besteldiens One World (www.oneworld.co.za).

Die varsheid is nie net oudergewoonte te danke aan Laurika se besondere vertolkingsvermoë nie, maar ook die kreatiewe energie van die jong mense wat saam met haar daaraan gewerk het – mense soos Lize Beekman, Wouter van de Venter en Jahn Beukes (wat ook die produksieleier was). Van Koos Kombuis – wat weliswaar nie meer jonk van vlees is nie, dog jonk van gees – is daar ook twee liedjies.

Soos voorheen gryp die nuwe liedjies mense se verbeelding weer aan. "In die liedjie 'Sonneblom uit Bethlehem', wat deur Lize Beekman geskryf is, is daar 'n verwysing na Darlingstraat 3 in Hanover," vertel Laurika. "Mense het my al gebel en gesê nadat hulle die liedjie gehoor het, het hulle spesiaal daarlangs gery om te gaan kyk na Darlingstraat 3. Daar is 'n gastehuis en die liedjie het al die eienaars se anthem geword!

"In die liedjie is daar ook 'n verwysing na hanepootdruiwe

uit die Paarl-vallei. Ek onthou toe ek 'n kind was, het ons dikwels Worcester toe gery. Eenkeer het my pa by 'n stalletjie stilgehou, uitgeklim, 'n druif gepluk, dit teen die son gehou en vir ons gewys hoe die lig daardeur skyn."

Nog 'n jong talent wat haar merk maak op Laurika se nuwe CD is die 21-jarige Potch-student Marelise Scheepers wat die titelsnit geskryf het.

"Mense vra my gereeld wie mev. Brown is. Ek het haar by die bekendstelling van die CD vir die eerste keer ontmoet – sy is 'n stillerige vrou van Heidelberg wat nie in die kalklig wil wees nie," sê Laurika.

Marina Brown is 'n vriendin van Marelise, 'n oud-onderwyser wat vir haar tot in matriek skoolgegee het. "Sy het later opgehou skoolgee, maar ons het kontak behou. Die liedjie handel oor 'n standvastige vriendskap waarop 'n mens kan terugval, maak nie saak wat gebeur of wat van die wêreld word of waarheen jy gaan nie," sê Marelise

Vir Laurika is die bruggedeelte van Koos Kombuis se liedjie 'Waar ek ook al ry' een van die mooiste dinge op die CD." Dit lui soos volg: "So sal ek jou onthou op hierdie eerste dag van die somer met jou hande op die dashboard saamgevou wys jy vir my die drome in jou atlas en die plekke waarvan jy so hou."

"Van al my ateljee-ervarings staan die opname van hierdie CD beslis uit. Jahn het verskriklik baie energie en baie skeppende idees, en hy is ook baie simpatiek. Daar is altyd 'n baie besonderse atmosfeer as jy en jou regisseur en klankingenieur saam in die ateljee is. Dit is verskriklik gekonsentreerde werk en daar is baie sterk kommunikasie. Dis 'n ongelooflike ervaring."

Laurika het weer 'n span sterk liedjieskrywers aangetree vir hierdie album: daar is onder andere ook Richard van der Westhuizen, Vusi Mahlasela/Ian Herman/Steve Newman, Jeanette Cilliers en Wouter van de Venter. Sy sing ook Sydney Carter se 'Lord of the Dance'. Voorts word sy begelei deur van die land se opwindendste musikante, soos onder andere kitaarspeler Tony Cox, klavierspelers Wessel van Rensburg en Clinton Waring, die Timeless-tweemanskap Pops Mohamed en Bruce Cassidy, Jahn Beukes op perkussie, klavier, sintetiseerders en sang en Leon Ecroignard op baskitaar, fluit, perkussie en bekfluitjie. Wat net één ding beteken: gehalte.

"Iemand het een keer vir my gesê: 'If you want to be a success, surround yourself with competent people.' Ek sou die woorde 'competent people' kon vervang met 'young people'. Jy kry 'n dinamiese verskil, 'n inspuiting en inspirasie as jy saam met jong kunstenaars werk. Ek glo so sterk in die jong kunstenaars (van alle tye) omdat hulle so baie het om na die tafel te bring. Dis een van Taubie Kushlick se geheimpies: sy het vir my gesê dat sy aan die gang gehou word deur saam met die jongste, varsste talent te werk.

"Ek is gefassineer deur alles wat almal doen. Ek hou daarvan om almal se vertonings by te woon. Daar lê vir my 'n groot stimulus in uiteenlopendheid. Maar ek wil nie hieroor intellektualiseer nie. Afrikaanse musiek is 'n krag waarmee rekening gehou moet word en die beste manier om dit te ondersteun, is om konserte by te woon."

Dit is nie net die jongmense se energie wat Laurika so laat blom nie, maar ook haar uitsonderlike man, Chris Torr, 'n professor in ekonomie aan Unisa. Hy het heelwat van haar liedjies geskryf – tydlose treffers soos 'Stuur groete aan Mannetjies Roux', 'Hot Gates' en '1963' – en maak op die nuwe CD weer so met die liedjie 'Kom laat ons sing', waarvan twee verskillende weergawes gehoor kan word.

"Mense het my al baie gevra hoekom 'n ekonoom liedjies skryf," sê Chris. "Laurika het drie of vier minute om 'n storie te vertel in 'n liedjie. In daardie kort tydjie moet sy die hele prentjie van die storie skilder. 'n Mens doen dieselfde in ekonomie: to maximise according to constraints. Jy moet dus ook die maksimum emosie in vier minute inwerk.

"Jy kry 'n dinamiese verskil, 'n inspuiting en inspirasie as jy saam met jong kunstenaars werk. Ek glo so sterk in die jong kunstenaars (van alle tye) omdat hulle so baie het om na die tafel te bring."

"Laurika se liedjies bestaan meestal uit twee verse, 'n koorgedeelte, twee verse en weer die koorgedeelte. Daar moet altyd vir my iets dubbelsinnig in 'n liedjie wees: in die eerste twee verse kry jy byvoorbeeld boy-meets-girl, dan kom die koor, en in die volgende twee verse kry jy boy-loses-girl, en dan weer dieselfde koor. As jy daardie spanning kan behou, het jy 'n geslaagde liedjie."

Op die CD is die een weergawe van 'Kom laat ons sing' vinnig en vrolik en die ander een stadig en weemoedig. Een liedjie, maar terselfdertyd ook twee verskillende liedjies met uiteenlopende interpretasie-moontlikhede.

Mense het al gewonder wanneer kom daar 'n CD van Laurika uit waarop sy net Chris se liedjies sing.

"Dit sal lekker wees as so iets kan gebeur, maar die probleem is ek werk so stadig!" sê Chris.

Daar was baie hoogtepunte in haar loopbaan die afgelope 23 jaar, maar as sy iets moet uitsonder, kies Laurika *Samekoms/Kopano*, die produksie wat sy en Vusi Mahlasela in 1998 voor stampvol sale aangebied het. Dit was so 'n sukses dat sy en Vusi genooi is om dit op die Museumsuferfest in Frankfurt, Duitsland, aan te bied.

"As kind het ek gehoor as jy 'n spyker in 'n suurlemoenboom kap, gee die yster van die spyker die boom 'n voeding-inspuiting. Die spyker in die bas is ook 'n skok vir die boom wat veroorsaak dat hy vrugte dra. *Samekoms/Kopano* was soos 'n spyker in my stam. Dit het my siening van hoe ek musiek maak heeltemal verander. My sangonderwyseres, Sarie Lamprecht, het my geleer dat 'n mens elke musiekfrase sy volle tyd moet gee sodat wat jy sing nie uit wans uit klink nie. In dié produksie het ek die bedoeling van musiek en ritme begin verstaan en kon ek dit aanvoel.

"Van die grootste en wonderlikste oomblikke wat ek al beleef het, was goed wat ek saam met ander mense gedoen het. Solowerk is 'n eensame pad en daarom is dit vir my belangrik om energie van ander kunstenaars te kry, en Vusi se energie was iets heeltemal nuuts. Daar was net hierdie wonderlike kreatiewe energie in die span – saam met my en Vusi ook Deon Opperman, Jahn Beukes, Louis Mhlanga en Peter McLea. Dit was amper 'n soort magiese energie gewees. Elke vertoning was 'n ontdekking, 'n avontuur."

Nog 'n hoogtepunt was 'n optrede jare gelede saam met die Metropole-orkes voor 15 000 mense in Utrecht. "Dit was 'n groot orkes, en die musiek het so 'n groot klank gehad". Sy sonder ook 'n optrede by 'n musiekfees in Centurion sowat tien jaar gelede uit wat plaasgevind het kort nadat *Stuur groete aan Mannetjies Roux* uitgereik is.

"Daar was sowat 12 000 mense en toe ek die liedjie begin sing, het hulle skielik 'n Mexikaanse golf begin vorm. En toe sing hulle die liedjie uit volle bors saam met my ... Dit is ontroerend as 'n hele massa mense so saamsing.

"Dis vir my die lekkerste ding in die lewe wanneer ek kontak maak met 'n gehoor en wanneer ek saam met ander kunstenaars werk. Daardie klein oomblikkies van vreugde saam met ander mense is vir my baie belangrik."

Nog 'n unieke prestasie is dat sy twee jaar gelede die eerste (en tot dusver enigste) kunstenaar geword het wat met 'n goue penning deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer is vir haar bydrae tot ligte Afrikaanse musiek. 'n Fenomeen en 'n vrou met fut is sy inderdaad.

Al waaroor Laurika kan kla, is tyd. Daar is net nie genoeg tyd om byvoorbeeld al die CD's te luister en boeke te lees wat sy wil nie. Daarom luister sy maar saam met haar kinders na groepe soos Blink 182 en Eve 6 en in die motor na enigiets van Aretha Franklin en Sting tot klassieke musiek.

"Dit maak my ongelukkig as ek 'n gebrek het aan tyd, as ek moet jaag. En dit maak my baie gelukkig as ek genoeg tyd het – veral as ek tyd het om goeters te doen vir ander mense. As ek op die oomblik tyd het, voel ek asof ek dit steel – ek voel in transit. Daarom is ek maar altyd by iets betrokke.

"Lees, gesels, reis en gemeensaamheid is die dinge waarvan ek hou. Ek wil nog baie reis! O, ek is 'n baie wispelturige reisiger. Elke nuwe stad wat ek ontdek, is vir my die wonderlikste in die wêreld. Ek was so oor Praag en New York en het daarheen teruggegaan. En vanjaar wil ek die Ooste aanpak. Thailand."

Wat hou haar aan die gang? "Ek het nie geweet daar is 'n alternatief nie – dat jy nie aan die gang kan wees nie!"

Haar lewensfilosofie?

Sy lag. "My lewensfilosofie verander die heeltyd, it depends on where I am in my head. Maar tans is dit: die oplossing vir enige krisis is om stil te bly."

Sela. Kom laat ons sing! ❑